higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T1100(**A**)(N14)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Eerste Vraestel)

(9090154)

14 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N4
(Eerste Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is verpligtend.
2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Efferente impulse ontstaan in die brein en word deur senuwees gedra na die reseptororgaan.

1.1.2 Die serebrum word verdeel in die voorbrein, midbrein en die pons.

1.1.3 Die spraaksentrum word gevind in die frontale gedeelte van die brein.

1.1.4 Die Eustachius-kanaal verbind die sinusse met die keel.

1.1.5 Die sklera beskerm die oog en help die oog om sy vorm te behou.

1.1.6 'n Bloedklont in die been kan aanleiding gee tot 'n koronêre trombose.

1.1.7 Hartgeluide word veroorsaak deur die sametrekking van die atriums en die ventrikels.

1.1.8 Normale bloeddruk is by alle ouderdomme konstant naamlik: 120\80.

1.1.9 Bloedplasma is serum sonder die stollingsfaktore.

1.1.10 Die O-bloedgroep is universele ontvangers van bloed.

(10 × 2) (20)

1.2 Verduidelik die volgende terme:

1.2.1 Intern

1.2.2 Superior

1.2.3 Supinasie

1.2.4 Abduksie

1.2.5 Foramen

1.2.6 Torakale holte

1.2.7 Proksimaal

(7 × 2) (14)

1.3 Gee die korrekte mediese term vir die volgende:

1.3.1 Die siekte waarmee babas gebore word as gevolg van die Rh-faktor

1.3.2 Die arterie in die nek wat as 'n drukpunt gebruik kan word

1.3.3 Die hormoon wat ook as die ' groeihormoon' bekend staan

1.3.4 Oorafskeiding van 'n hormoon deur 'n klier

1.3.5 Die hormoon wat die groei van melkkliere asook die sintese van melk stimuleer

1.3.6 Die senuweestelsel wat 'n verbinding vorm tussen die sentrale senuweestelsel en die organe en spiere in die liggaam

(6 × 1) (6)
[40]

TOTAL SECTION A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die volgende vier vrae.

VRAAG 2

2.1 Verduidelik kortliks die asemhalingsbewegings en die gevolg daarvan op gaswisseling. (10)

2.2 Bespreek die sirkulasie van bloed deur die hart. (10)
[20]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Wat word die prosedure genoem waardeur serebrospinale vog verkry word? (1)

3.1.2 Vanwaar word dit onttrek? (1)

3.2 Beskryf kortliks die werking van die halfsirkelvormige kanale in die oor. (5)

3.3 Noem TWEE faktore wat 'n invloed het op die hoeveelheid urine wat daagliks uitgeskei word. (2)

3.4 Noem enige TWEE abnormale bestandele wat in urine aangetref kan word. (2)

3.5 Benoem die dele van die vroulike voortplantingstelsel volgens FIGUUR 1, genommer (1 – 5). (5 × 1) (5)

3.6 Noem die hormone wat betrokke is by die menstruele siklus van die vrou.

(4 × 1) (4)
[20]

VRAAG 4

4.1 Bespreek die vaginale diafragma en spermdoders as voorbehoedmiddels. (10)

4.2 Verduidelik die term *coitus interruptus*. (2)

4.3 Bespreek die gevare en besware bestaan teen die gebruik van die kondoom? (5)

4.4 Bespreek kortliks hoe sifilis deur die moeder aan die fetus oorgedra word. (3)
[20]

VRAAG 5

5.1 Bespreek VIGS onder die volgende hoofde:

5.1.1 Hoe word dit aangesteek? (4)

5.1.2 Latere simptome. (4)

5.2 Bespreek herpes as 'n seksueel oordraagbare siekte. (5)

5.3 Bespreek die DRIE stappe van urienvorming. (7)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GRAND TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou